

## **VERSLAG VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM 2010**

*Mnr Le Roux Burrows*

*Voorsitter: Institusionele Forum*

Die Institusionele Forum (IF) is 'n adviesliggaam wat, ingevolge die Wet op Hoër Onderwys (Art. 31(1) van Wet 101 van 1997), die Universiteitsraad van advies dien oor beleidsaangeleenthede, met inbegrip van die toepassing van die bepalings van hierdie wet en die nasionale beleid op hoër onderwys.

Die bedrywighede van die IF bestaan uit sowel vergaderings waar advies aan die Universiteitsraad oorweeg word as gespreksgeleenthede tussen die Uitvoerende Komitee van die IF en die Rektor en sy bestuurspan. Die lede van die IF word in drie taakgroepe ingedeel, naamlik Diversiteit en Billikheid, Institusionele Beplanning en Institusionele Kultuur. Die taakgroepe word, wanneer nodig, aangevul deur ad hoc-groepe. Die taakgroepe het die bevoegdheid om sake wat aan hulle toegewys is, deeglik te ondersoek en dan by die IF daarvoor verslag te doen sodat die IF daarna weldeurdagte advies aan die Raad kan lewer.

### **Samestelling**

Die Institusionele Forum bestaan uit agt en twintig lede, sewe uit elk van die volgende vier groeperinge: die beheer- en bestuurssektor, die personeelsektor, die studentesektor en die gemeenskapsektor.

### **Wersaamhede**

*IF besin oor sy rol*

Die afgelope paar jaar het die IF se werksaamhede 'n nuwe dimensie bygekry. Aan die een kant voer die IF sy gebruikelike pligte uit deur die Raad van advies te dien en kommentaar op die universiteitsbestuur se toepassing van die bogenoemde wet te lewer. Aan die ander kant voer die IF ook van tyd tot tyd gesprek oor wat die rol van die IF behoort te wees. Dit gaan veral daaroor of die IF streng by sy wetlik voorgeskrewe pligte en verantwoordelikhede moet hou en of hy hom ook op spesifieke sake soos gemeenskapsinteraksie moet toespits. Laasgenoemde tema sal, totdat 'n bevredigende antwoord verkry is, deurlopend op die agenda bly.

*Voorgestelde beleide word ondersoek*

In die vorm van formele rapporte het die IF hoofsaaklik advies oor die voorgestelde wysigings aan die Statuut en oor nuwe beleide gelewer. Universiteitsbeleide wat ter sprake gekom het, was die Beleid vir die Bevordering van Wapenvrye Kampusse; die Beleid aangaande Dubbele Grade op Meester- en Doktorsvlak in Medewerking met Buitelandse Universiteite; en die Beleid vir die Naamgewing en Vernoeming van Geboue, Lokale en ander Fasiliteite/Persele.

Informele kommentaar is gelewer oor die Beleid vir die Geïntegreerde Bestuur van Volhoubaarheid; die US Beleid met betrekking tot Akademiese Integriteit: die Voorkoming en Hantering van Plagiaat; en die Beleid insake die Kommersiële Ontginning van Intellektuele Eiendom.

#### *Aanstelling van 'n dekaan*

Die IF het, ooreenkomstig die US Reglement insake die Aanstelling van Voltydse Dekane, 'n verteenwoordiger aangewys om in die keurkomitee te dien met die oog op die aanwysing van 'n Dekaan vir die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

#### *Kundiges ondersteun IF met toeligting*

In die verslagjaar was die drie taakgroepe se ondersoekfokus die Soudien-verslag, *Report of the Ministerial Committee on Transformation and Social Cohesion and the Elimination of Discrimination in Public Higher Education Institutions*. 'n Paar kundiges is genooi om die IF hieroor toe te lig.

- Dr Jerome van Wyk, Direkteur: Diensbillikheid en Diversiteitsbevordering aan die US, het insiggewend gepraat oor die Soudien-verslag uit die perspektief van die US.
- Prof Crain Soudien, samesteller van die verslag, se portefeulje as Assistentvisekanselier aan die Universiteit van Kaapstad is om die visekanselier met institusionele transformasie te ondersteun. In 2009 was hy die Voorsitter van die ministeriële komitee wat transformasie in die hoër onderwys ondersoek het.

As agtergrond skets prof Soudien eers die omstandighede wat tot die verslag aanleiding gegee het. Nieteenstaande belangrike wetgewing in 1995/6, 1996/7 en 2000/2001 rakende gelykheid het Suid-Afrika die grootste gaping tussen ryk en arm ter wêreld. Hierdie gaping het vergroot ten spyte van Suid-Afrika se demokratisering in 1994.

Volgens hom is daar baie angstigheid by mense en die probleem kan nie reggestel word deur bloot empiries daarna te kyk nie. Die situasie is veel meer kompleks en daag ons uit om verbeeldingryke en kreatiewe oplossings te vind. Mense is vasgevang in hulle manier van dink en daar bestaan tans geen model waarvolgens hulle kan optree nie. Teen die agtergrond van hierdie omstandighede het universiteite 'n baie moeilike taak.

- Prof Jimmy Volmink, Visedekaan: Navorsing by die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, het sy ervaring van transformasie aan die Universiteit Stellenbosch beskryf.

## **Ten slotte**

Die IF se Voorsitter, dr Le Roux van der Westhuizen, het einde Junie uit die diens van die US getree. Mnr Le Roux Burrows, die Ondervoorsitter, neem waar as Voorsitter totdat die nuwe Uitvoerende Komitee verkies word.

Die IF het deurgaans hard gewerk om sy reputasie as 'n forum waar sake indringend bespreek kan word, gestand te doen. Voortdurende selfondersoek oor die rol van die IF op die kampus is 'n vanselfsprekende uitvloeisel hiervan.

In die geheel neem die IF aktief deel aan besprekings oor kwessies wat die Universiteit raak. In die gees hiervan rig ons 'n ope uitnodiging aan enige persoon om kwessies wat met beleid, kultuur of beplanning aan die Universiteit te make het onder die IF se aandag te bring vir bespreking.